Plekgehegtheid binne stadsbeplanning: ’n literatuurstudie en voorstelle vir Afrikaanse terminologie

Tarina Jordaan

Tarina Jordaan, onafhanklike navorser en skrywer

Opsomming

Plekgehegtheid is ’n begrip wat sedert die 1970's uitgebreid bestudeer is en het ’n verskeidenheid definisies, afhangend van die perspektief waaruit die begrip bestudeer is. ’n Meer onlangse definisie van *plekgehegtheid* beskryf die begrip as ’n produk of toestand waar ’n emosionele band met ’n plek gevorm word tussen die spesifieke eienskappe van ’n plek en die persoon wat daarmee interaksie het, asook ’n proses wat die behavioristiese, kognitiewe en emosionele bande tussen individue en hul ervarings met hulle sosiofisiese omgewings weerspieël.

’n Groot hoeveelheid internasionale literatuur bestaan reeds oor plekgehegtheid en daar is tekens dat belangstelling in die onderwerp toeneem. Bronne oor plekgehegtheid wat geredelik toeganklik is vir Suid-Afrikaanse akademici of studente, is meestal in Engels. Min navorsing oor plekgehegtheid en gepaardgaande terme waar Afrikaans as opleidings-, navorsings- en beroepstaal gebruik word, bestaan. Hoewel die term *plekgehegtheid* alreeds binne Afrikaanse literêre studies voorkom, is dit belangrik dat die term daadwerklik deursyfer na ander ruimtelike dissiplines, soos stadsbeplanning, ’n dissipline wat ten doel het om mensvriendelike ruimtelike omgewings te skep. Sodoende kan Afrikaanse terminologie rondom plekgehegtheid toeganklik gemaak word vir diegene wat stadsbeplanning bestudeer en/of beoefen en wie se moedertaal Afrikaans is, of wat met Afrikaanssprekendes werk.

Hierdie artikel bied ’n literatuuroorsig oor plekgehegtheid, met die doel om geskikte Afrikaanse terminologie vir plekgehegtheidteorie in stadsbeplanning te skep. Die voorgestelde terminologie verryk beide stadsbeplanning deur vakterminologie uit te brei, en Afrikaans as taal, deurdat dit nuwe, Afrikaanstalige terme vir algemeen aanvaarde Engelse terme uit plekgehegtheidteorie voorstel soos wat dit op die stadsbeplanningsdissipline van toepassing is.

Trefwoorde: Afrikaans; plekgehegtheid; stadsbeplanning; stads- en streekbeplanning; stedelike beplanning; terminologie

Abstract

Place attachment in town planning: a literature review and proposals for Afrikaans terminology

Place attachment is a concept that has been extensively studied since the 1970s, giving rise to a variety of definitions, depending on the perspective from which it was studied. The various perspectives are rooted in the space versus place debate around people-place relationships. Place attachment has also been studied within various disciplines, each discipline adding a unique view to the concept. This article is specifically written from a town planning point of view.

People-place relationship research is guided by basic assumptions about place or geographical location. On the one side of the fence, human-place relationships are seen as being rooted in the physical characteristics of a space, the result of cognitive and perceptual processes. On the other side, these relationships are social constructions, formed by individual personality traits and life experiences, as well as shared behavioural and cultural processes.

To understand place attachment and how it is formed, one has to understand the difference between space and place.

Space is a neutral medium. It is a region with physical dimensions and it contains objects; it is the physical environment as created by natural forces. Space is perceived through the senses and is different from the individual's mental interpretation of the space. In other words, space is what is objectively measurable and therefore any geographical location on earth, without the presence of human meaning and symbolisation.

Place is a concept arising from space – it is a space on to which culture and history are engraved. *Place* can be defined as the physical characteristics of an environment with the meanings associated with it in everyday life. Place is space that has acquired definition and meaning. It is more than physical structure – it is a construction that is meaningful to an individual or group, that carries personal symbolism. Subjective human meanings are therefore cemented on to objective physical structures, turning space into a place.

Place can be seen as the root of human identity. It is central to the understanding of how people turn nature into culture (which in turn has a spatial influence on settlements), into a centre of meaning. Therefore, place is not only a physical manifestation, but an intricate part of what it means to be human – the physical environment cannot be separated from the affective side of being human.

As such, there are as many place meanings as there are individuals and groups that interact or feel a connection with a place. The meanings of places are rooted in their physical setting, objects and activities, and can be expected to change as the physical or social landscape changes.

From the descriptions of *space* and *place* one can therefore assume that *place attachment*, as an expression of people-place relationships, has to do with a definite subjective connection to

place. An emotional bond cannot be formed with space – space has to be imbued with some symbolism before it becomes meaningful to the individual or group.

The first goal of this paper is to present a literature review of place attachment research as it relates to town planning (one of the various disciplines that create places for people). It has the potential to impact individuals' place attachment through urban development. It is important for town planners to be familiar with place attachment when planning and envisioning existing or new urban environments, as place attachment can mobilise members of a community to either support or oppose new urban development or redevelopment projects.

Three place attachment perspectives were identified from a review of place attachment research. The first perspective, the Instrumental Perspective, views place attachment as an instrument to understand human-place relationships to improve the management of a place. Attachments to places are mostly seen as utilitarian, and as such, places are not unique. Within the Instrumental Perspective, places are interchangeable if they fulfil the same function for the individual. Place attachment studies in the Instrumental Perspective rely largely on quantitative research methods.

The second perspective is the Symbolic Perspective. The Symbolic Perspective views place attachment as an emotional bond that an individual has with a place. This bond forms an integral part of the individual's identity and psychological well-being. Within the Symbolic Perspective, places are unique. Destroying or changing a place's unique characteristics can cause irreversible damage to an individual's attachment to that place, disrupting his or her well-being. The Symbolic Perspective researches place attachment mainly from a qualitative perspective.

The third place attachment perspective identified from existing literature, the Integrated Perspective, is based on studies focusing on biophilia (the impact that urban vegetation has on the emotional state of an individual), as well as studies about the restorative aspects of favourite places. Within the Integrated Perspective, place attachment is a bond that an individual forms with a place because that place fulfils both psychological and physiological needs. The Integrated Perspective dovetails with the Instrumental and Symbolic Perspectives and often uses mixed-method research strategies.

Based on these three place attachment perspectives, an encompassing definition for place attachment is proposed. Place attachment can be defined as both (i) a *product* or *end-state:* a multilevel affective person-place bond that evolved from specific place conditions and characteristics of individuals, and the functional and emotional ties that connect places to people and (ii) a *process* that reflects the behavioural, cognitive and emotional embeddedness individuals experience in their socio-physical environments. Place attachment is thus both a continuous dynamic process and a flexible and adaptive end-state/product.

This article uses Scannell and Gifford's tripartite model to investigate place attachment. Place attachment is important for the town planning discipline in various ways. Town planners can threaten or disrupt people-place relationships through land use changes in an urban area. Disrupting or destroying place attachments can cause feelings of loss, grief, and psychological trauma to those involved. From a town planning perspective, place attachment can help urban planners to understand why individuals express grief and distress – seemingly

illogical reactions – in cases of (seemingly logical) proposed land use changes; it can help urban managers to plan and encourage the manner in which the public uses public spaces; it can explain why individuals keep returning to or continue to stay in sub-standard urban conditions that may seem dangerous or unacceptable to outsiders; and it can shed light on individuals' and groups' place-protective or pro-place actions when changes to the environment are proposed or happen.

Given the importance of place attachment research in town planning, place attachment and related concepts need to be understood by town planners worldwide, as place attachment is an internationally occurring concept. The main terms relating to the concepts need to be translated into as many languages as possible if suitable terms do not already exist in those languages.

The second goal of this article is to create Afrikaans terms for place attachment concepts as they relate to town planning. A large body of international research exists on place attachment, with signs of a continued interest in the subject. The majority of sources available to South African town planning researchers, students and practitioners interacting with place attachment literature are in English; few sources are available in Afrikaans (or any of South Africa's other official languages). Though a few Afrikaans terms were identified from existing Afrikaans place attachment research, they were found wanting in their definitions, unable to fully encompass place attachment terms in the town planning context. As such, there are virtually no Afrikaans place attachment terms that can be utilised in town planning research and practice. My own research in an Afrikaans-speaking community indicated the need to translate the English terms into Afrikaans, as research participants understand complex theoretical concepts more easily in their mother tongue. This terminology also enriches and expands the Afrikaans language through the proposed new terms.

An ad hoc terminology was created, as it is ideal for translating a discipline's specific technical terms from one language to another. Twenty-one terms from place attachment literature were identified and translated into Afrikaans. The proposed terminology will, however, need to be refined and expanded through future research, especially within the town planning and linguistic disciplines.

Keywords: Afrikaans; city planning; place attachment; terminology; town planning; urban and regional planning; urban planning

1. Plekgehegtheid: Wat beteken dit in watter taal?

Plekgehegtheid (*place attachment* in Engelstalige, akademiese bronne) is gebaseer op die konsep van mens-plek-verhoudinge. 'n Mens-plek verhouding word beskryf as die verhouding, emosioneel of fisies, wat 'n persoon met 'n plek het.

Plekgehegtheid kan dus omskryf word as 'n veelvlakkige mens-plek-verhouding wat meestal emosionele bande met die natuurlike en mensgemaakte omgewing insluit. Dit behels dus die kulturele, gemeenskaplike, gebruiklike en historiese betekenisse van 'n plek (Kaltenborn 1997:176).

Davenport en Anderson (2005:626) lys vier beginsels van mens-plek-verhoudinge wat verband hou met plekgehegtheid binne ’n stadsbeplanningskonteks:

- Die eerste beginsel stel dit dat ’n plek die ruimte is waarin die fisiese omgewing se eienskappe, aktiwiteite, ervarings, sosiale verskynsels en prosesse, asook individue en groepe se interpretasies van die plek, gemanifesteer word.
- Tweedens: individue en groepe heg betekenisse en simbole aan ’n plek en gebruik dit om sin te maak van hulle daaglikse bestaan.
- Derdens: sommige van hierdie simboliese betekenisse vorm die basis van individue en groepe se diepgewortelde emosionele bande met ’n plek en het dus die potensiaal om die individue of groepe se houding teenoor, en handelinge met betrekking tot, die plek te beïnvloed.
- Laastens: stadsbeplanning het die potensiaal om die simboliese betekenisse van plekke te bewaar of uit te daag, of selfs om nuwe betekenisse te skep deur byvoorbeeld nuwe fisiese ontwikkeling in ’n plek te vestig, of deur bestaande fisiese ontwikkeling na ’n ander ligging te verskuif. Wanneer ’n nuwe ontwikkeling in ’n plek gevestig word, het dit die potensiaal om die basis van bestaande individue en groepe se interaksie met daardie plek onomkeerbaar te verander. Dit kan lei tot die disintegrasie van daardie sosiokulturele omgewing en groepe (Ujang 2014:66). Aan die ander kant: wanneer elemente van ontwikkeling onttrek word vanuit ’n plek met diepgewortelde elemente, soos nywerhede en die werksgeleenthede wat daaraan gekoppel is, kan dit lei tot ’n verandering in die demografiese eienskappe van daardie plek, wat weer kan lei tot die disintegrasie van mens-plek-verhoudinge (Stedman en Ingalls 2014). Hieruit kan afgelei word dat die begrippe *plek* en *plekgehegtheid* ’n belangrike rol speel in stedelike ontwikkeling, asook in stadsbeplanning, een van die dissiplines wat stedelike ontwikkeling rig.

Plekgehegtheid in Afrikaanstalige akademiese literatuur blyk verband te hou met die terme *plekverbondenheid* en *landskapsverinniging* binne ’n kunstekonteks, byvoorbeeld die rol van plek in ’n gedig (Smith 2016). Smith (2016) identifiseer plekverinniging binne die poëtiese konteks as ’n emosionele verbintenis met die landskap/natuur. Smith (2016) impliseer egter ’n onderskeid tussen plekverbondenheid en landskapsverinniging, alhoewel sy nooit definieer hoe die eersgenoemde van laasgenoemde verskil nie. In teenstelling daarmee koppel Greyling (2015:318) wel plekgehegtheid en plekverbondenheid met mekaar in die sin dat beide op die "positiewe ervaring van en verbintenis met plek" fokus. Wat duidelik is van Smith (2016) se landskapsverinniging, is dat die emosionele band ’n band met ’n landelike of ’n oorwegend natuurlike landskap is. Die stedelike landskap word dus uit die definisie van *landskapsverinniging* uitgesluit. Greyling (2015:318) se *plekgehegtheid* en *plekverbondenheid*, wat fokus op visuele kuns, stem wel ooreen met die manier waarop plekgehegtheid tans binne stadsbeplanning gebruik word.

’n Variasie op die Afrikaanse term *plekgebondenheid* kom voor binne maatskaplikewerk- en eiendomsbestuurdissiplines. Binne die maatskaplikewerkskonteks verwys plekgebondenheid na die mate waarin ’n gemeenskap van die materiële, finansiële, professionele en morele insette van omliggende sisteme afhanklik is (Oberholzer 1989:40). Die fokus hier is dus op ’n gemeenskap eerder as die individu. Plekgehegtheid binne stadsbeplanning verskil dus van plekgebondenheid deurdat dit op beide individuele en gemeenskaplike vlakke fokus.

Plekgebondenheid uit ’n eiendomsbestuursperspektief verwys spesifiek na die geografiese gebondenheid wat met ’n eiendom gepaard gaan – ’n eiendom is geleë op ’n spesifieke ligging wat nie verskuif kan word nie (Van Staden 1993:32; Kriel 1999:66). In hierdie konteks verwys plekgebondenheid letterlik na die geografiese ligging waarop ’n perseel geanker is. Dit verskil op twee maniere van plekgehegtheid: (i) plekgehegtheid fokus op die mens, terwyl plekgebondenheid fokus op die vaste eiendom; en (ii) plekgebondenheid is onbeweeglik, terwyl plekgehegtheid beweeglik is, omdat ’n individu geheg kan voel teenoor ’n plek, al is die individu nie fisies teenwoordig in die plek nie.

Uit die bostaande bespreking raak dit duidelik dat Engelstalige akademiese bronne se betekenis van *plekgehegtheid* (*place attachment*) verskil van die wyse waarop soortgelyke terme (*landskapsverinniging*, *plekverbondenheid*, *plekgebondenheid*) in Afrikaans gebruik word. Dit is dus nodig om die unieke betekenis van die term *plekgehegtheid* as Afrikaanstalige term binne stadsbeplanning te vestig.

Die meeste Suid-Afrikaanse stadsbeplanningstudente, akademici en stadsbeplanners wat meer te wete wil kom oor plekgehegtheid, moet hulle wend tot Engelstalige bronne weens die tekort aan Afrikaanstalige akademiese bronne oor die onderwerp. Vir diegene wat ander tale magtig is, is daar ’n groter aanbod van literatuur beskikbaar, in byvoorbeeld Nederlands, Duits, Frans en Mandaryns. My soektog na onlangse Afrikaanstalige bronne oor plekgehegtheid en plekgebondenheid het in Oktober 2017 ’n kort lys van bronne opgelewer (o.a. Smith 2016; Greyling 2014; Meyer 2014). Nie een van die bronne bespreek plekgehegtheid binne die stadsbeplanningskonteks nie.

Die skepping van Afrikaanse terminologie rondom plekgehegtheid word in hierdie artikel voorgelê as ’n verryking van Afrikaans as taal binne die stadsbeplanningsdissipline. Die doel hiervan is nie om Afrikaans te verhef bo enige ander taal in terme van hierdie onderwerp nie. Ek is daarvan oortuig dat alle tale baat kan vind by ’n soortgelyke terminologieverryking, want die onderwerp van plekgehegtheid het die potensiaal om alle individue te raak.

Terselfdertyd kan dit navorsing oor die onderwerp vergemaklik wanneer ’n navorser of stadsbeplanner met Afrikaanssprekendes onderhandel rondom die kwessie van plekgehegtheid. Uit my eie ervaring as professionele stads- en streekbeplanner en navorser het ek ’n taalkundige leemte ervaar toe ek individue se plekgehegtheid ondersoek het. Dit was, soos Roos (2007:662) sê, ’n geval waar die geskikte woorde in die taal van die Afrikaanse deelnemer eenvoudig nie bestaan nie, alhoewel ek as navorser bekend was met geskikte Engelstalige woorde vir die navorsingskonteks.

Hierdie artikel verskaf dus eerstens ’n literatuuroorsig gefokus op menslike verhoudinge met plek, veral in terme van die begrip *plekgehegtheid*. Dit lig die belangrikheid van plekgehegtheid vir individue en groepe uit en ondersoek hoe plekgehegtheid oorvleuel met stadsbeplanning. Die fokus val spesifiek op *stads*beplanning, en nie *streek*beplanning nie, omdat dit op die plaaslike geografiese skaal is dat die impak van plekgehegtheid binne stedelike ontwikkeling meestal na vore kom (Hidalgo en Hernández 2001; Beckley 2003:112).

Die volgende afdeling van hierdie artikel fokus daarop om die leser ’n oorsig van die oorsprong van plekgehegtheidnavorsing, as deel van die ruimte-versus-plek-debat in die ruimtelike dissiplines, te verskaf. Die literatuuroorsig verduidelik die verskillende denkskole

in plekgehegtheidnavorsing, asook die drie hoofboustene van plekgehegtheid. Die rol van plekgehegtheid binne die daaglikse menslike bestaan word ook bespreek.

Die laaste afdeling van die artikel gee tentatiewe voorstelle vir Afrikaanse vakterminologie vir algemene Engelstalige terminologie rakende plekgehegtheid, asook voorstelle vir toekomstige navorsing rondom hierdie tema.

2. Bestaande navorsing oor mens-plek-verhoudinge

Die verhouding tussen mense en hul omgewings is lank reeds nagevors in dissiplines soos omgewing- en gemeenskapsielkunde, sosiologie, kulturele antropologie, toerisme, bosbou, ekologie, argitektuur, menslike geografie en stadsbeplanning (Kaltenborn 1997:175; Lewicka 2011:207). Kevin Lynch (1960) was een van die eerste navorsers binne die ruimtelike dissiplines wat die betekenis en sosiale belang van die stedelike omgewing vir individue ondersoek het (Goss 1988:394), wat die weg gebaan het vir ander navorsers wat plekgehegtheid meer breedvoerig ondersoek het.

Die afgelope vyf dekades het egter ’n opsigtelike toename in literatuur oor mens-plek-verhoudinge opgelewer (Lewicka 2011:207). Lewicka het ’n ondersoek oor mens-plek–verhouding-literatuur gedoen in elektroniese databasisse soos Google Scholar en SocIndex. Sy het haar literatuursoektog verder uitgebrei om publikasies in twee groot joernale, *Journal of Environmental Psychology* en *Environment and Behavior*, in te sluit. Haar soektog was beperk en het boeke, hoofstukke, doktorale proefskrifte, ongepubliseerde konferensievoordragte en navorsingsverslae, asook nie-Engelstalige publikasies oor die onderwerp uitgesluit. Tog het haar soektog meer as 400 akademiese artikels oor ’n periode van vier dekades opgelewer, almal gepubliseer in meer as 120 joernale (Lewicka 2011:207). Sy het die getal navorsingsartikels oor plek teenoor die tydperk waarin dit gepubliseer is, op ’n grafiek geplaas om die toename van artikels teenoor tyd te toon. Haar bevindinge word in figuur 1 weergegee.



Figuur 1. Persentasie akademiese artikels in verskeie dissiplines wat mens-plek-verhoudinge per dekade ondersoek (Bron: Lewicka 2011)

Verskeie navorsers het literatuuroorsigte oor die onderwerp gedoen, byvoorbeeld die reeds genoemde Lewicka (2011); Scannell en Gifford (2010), wat ’n driedelige organiseringsraamwerk vir plekgehegtheid voorgestel het; asook Beckley (2003). Beckley se literatuuroorsig fokus daarop om te verstaan waarom sekere plekke betekenisvol is vir individue en groepe, hoekom en hoe plekgehegtheid plaasvind, asook watter eienskappe van ’n plek ’n oorheersende rol speel in die vorming van plekgehegtheid (Beckley 2003:105; kyk ook Ryan 2005:7). Beckley se literatuuroorsig maak ’n kerndeel uit van die tese dat plekgehegtheid een verklaring is vir waarom konflik tussen gemeenskappe en ontwikkelaars in stadsbeplanningsprosesse voorkom: “Improving understanding of the human values associated with attachment to place may have implications for policy [...]. It may reveal underlying causes of conflict over land management and how to better predict potential areas of conflict” (Beckley 2003:105).

Stadsbeplanning is gegrond op die bestuur en skepping van (meestal) mensgemaakte ruimtes en plekke. Dit is ’n erkende feit dat die bestuur en skepping van *ruimte* verskil van die bestuur en skepping van *plek*. Terwyl ruimte tradisioneel gesien word as iets waaraan ’n getalswaarde toegeken kan word, is daar ’n denkskool binne die ruimtelike dissiplines wat van mening is dat plek juis nie gekwantifiseer kan word nie en meestal ’n ontasbare element bevat wat ontbreek in die konsep *ruimte*. Die konflik wat soms tussen stadsbeplanners, ontwikkelaars, munisipaliteite en plaaslike gemeenskappe ontstaan oor fisiese ontwikkeling, kan in ’n mate teruggevoer word na die debat oor ruimte versus plek, wat verband hou met die waarde wat die rolspelers aan die plek heg.

3. Die ruimte-versus-plek-debat

Die beskrywing van mens-plek-verhoudinge word gerig deur die verskillende aannames rondom die betekenisse van *ruimte* en *plek*.

3.1 Ruimte

Ruimte word gewoonlik gesien as ’n geografiese entiteit met ’n neutrale of abstrakte betekenis (Casey 1996:14; Madanipour 1996:23). ’n Ruimte het fisiese dimensies wat gekwantifiseer kan word en kan voorwerpe binne die grense daarvan bevat (Downs en Stea 1977:84; Carmona, Heath, Oc en Tiesdell 2003:138).

’n Ruimte word waargeneem deur die menslike sintuie, maar die sintuiglike waarneming staan apart van die menslike interpretasie van daardie sintuiglike waarneming (Madanipour 1996:12). Sodra sintuiglike waarneming van ’n ruimte verwerk word tot ’n interpretasie van die ruimte, koppel die mens ’n betekenis daaraan in ’n poging om sin te maak van die ruimte. Die ruimte word dus effektief ’n plek. So kan ’n individu die fisiese dimensies, soos kleur, tekstuur, breedte en lengte, van ’n straat met haar sintuie waarneem. Wanneer die persoon ’n simbool aan die fisiese dimensies van die straat heg, byvoorbeeld dat hierdie straat na haar huis lei, kry die straat ’n simboliese betekenis, naamlik: dit is “die straat waar ek woon”. Plek is hier dus die subjektiewe interpretasie van ’n objektiewe, kwantifiseerbare ruimte.

Die eienskap van die mens om ruimte waar te neem en om betekenis daaraan te koppel, speel ’n belangrike rol in die mens se alledaagse bestaan. Die meetbare eienskappe van ruimte

word in simbole omgeskep wat help om betekenis aan ’n ruimte te koppel, om daaruit te leer en om daarbinne te oriënteer (Downs en Stea 1977:27). Die koppeling van simbole aan ’n ruimte – en dus die omvorming van ruimte na plek – was en is belangrik vir oorlewing binne natuurlike en mensgemaakte omgewings.

In die modernistiese, ruimtelike dissiplines het ruimte lank geseëvier bo plek (Casey 1996:20). Plek is gesien as ’n beskrywing, terwyl ruimte gesien is as ’n instrument waarmee wetenskaplike veralgemenings gevorm kon word (Cresswell 2002:12). Hierdie veralgemenings het die werking van menslike, stedelike omgewings op ’n objektiewe wyse probeer beskryf. Dit het die basis gevorm van sogenaamde objektiewe, omvattende, bloudrukgeoriënteerde stedelike-ontwikkelingsplanne wat veral in die jare tussen die Tweede Wêreldoorlog en die 1980's ’n hoogtepunt bereik het.[1] In hierdie tydperk is die basis van die stadsbeplanningsberoep se wetlike en wetenskaplike werkswyse neergelê, wat grotendeels die beroep se volgehoue fassinering met die begrip *ruimte* verklaar.

Die postmoderne beweging het egter die fokus teruggebring na die konsep *plek*, veral deur baanbrekersnavorsing oor hierdie tema in die 1970's op die gebiede van menslike geografie en omgewingsielkunde (Cresswell 2002:12). Die produk van gebeure en aktiwiteite en die plekke waarbinne dit plaasvind – soos identifikasie, gehegtheid en liefde vir ’n plek (ook bekend as topofilie (Tuan 1974)) – het al hoe meer geblyk fundamentele menslike eienskappe te wees (Sancar 2003:270). Hedendaags – selfs met toenemende globalisering, verhoogde mobiliteitsvlakke en virtualisering van ruimte via die internet – bly die konsep van plek belangrik as die fisiese ruimte waarbinne die mens ’n alledaagse bestaan voer (Lewicka 2011:209).

3.2 Plek

Plek is ’n begrip wat gebaseer is op ruimte. Plek word gedefinieer as ’n ruimte waaraan subjektiewe betekenisse geheg is. ’n Plek is dus ’n ruimte wat betekenisvol is vir ’n individu en/of ’n groep (Tuan 1977:73; Violich 2000:113). Die mens staan in ’n onskeidbare, emosionele verhouding met sy/haar omgewing (Violich 2000:113).

Die begrip *plek* is deur sommige navorsers gesien as die oorsprongpunt van menslike identiteit (Tuan 1977:159; Cresswell 2002:12). Plek staan sentraal teenoor hoe mense hulle omgewing verstaan. Dit verander in ’n kulturele element, wat weer ’n invloed het op die wyse waarop individue hulle fisiese omgewing, soos stede, vorm (Relph 1976:38; Rapoport 1977:9; Tuan 1977:4, 137–8; Cresswell 2002:13). Vir Relph (1976:38) was plek so belangrik dat hy dit beskryf het as die belangrikste betekenisgewende faktor in die menslike bestaan, as ’n fundamentele menslike behoefte wat dit vir mense moontlik maak om hul verhouding tot die skepping te verstaan en om sodoende geestelike en sielkundige bande met hulle omgewing te kan skep.

Die oorwegende siening oor die betekenisse wat aan plekke toegeken word, is dat hierdie betekenisse sosiale konstrukte is, daarom dat verskillende individue en groepe verskillende betekenisse of waardes aan dieselfde plek kan toeken, wat selfs mettertyd kan verskil (Greider en Garkovich 1994:1; Kaltenborn 1997:177). Die feit dat meervoudige – en soms teenstrydige – betekenisse of waardes aan dieselfde plek toegeken kan word, verhoog die moontlikheid van konflik wanneer die verskillende plekbetekenisse of -waardes in kontras met mekaar staan (Greider en Garkovich 1994:10). Aan die ander kant: wat vir een persoon

'n betekenisvolle plek is, is nie noodwendig vir 'n ander persoon betekenisvol nie (Williams en Vaske 2003:831; Tuan 1977:162).

Plekbetekenisse vorm 'n riglyn vir individue en groepe se handelinge binne die grense van daardie plek, asook handeling rakende die plek (wat nie noodwendig binne die grense daarvan plaasvind nie) (Greider en Garkovich 1994:10; Beckley 2003:116). 'n Voorbeeld hiervan is dat mense anders optree in 'n geestelike ruimte soos 'n kerk as wat hulle in 'n handelsgeoriënteerde ruimte, soos 'n plaaslike boeremark, sal optree. Albei plekke – die kerk en die mark – kan betekenisvol wees binne 'n persoon se bestaan, maar die betekenis wat geheg is aan elk van hierdie plekke, verskaf die riglyne van aanvaarbare handelinge binne die grense van hierdie plekke. Die oomblik wanneer handelinge plaasvind wat die betekenis van die plek skaad, kan konflik ontstaan tussen diegene wat geheg is aan die plek en diegene wat die skade berokken.

Laasgenoemde voorbeeld kan ook in sommige gevalle verklaar waarom 'n gemeenskap soms in konflik staan met ontwikkelaars, stadsbeplanners en die munisipaliteit wanneer nuwe ontwikkeling beoog word. Byvoorbeeld: terwyl diegene wat die fisiese ontwikkeling dryf, 'n nuwe ontwikkeling – soos 'n inkopiesentrum – sien as 'n ruimte wat ekonomiese vooruitgang en werksgeleenthede kan bring, kan plaaslike inwoners die voorgestelde ontwikkeling sien as iets wat die rustige atmosfeer van die buurt of die argitektoniese eenheid van die omgewing skade sal aandoen. In hierdie voorbeeld funksioneer diegene wat die ontwikkeling dryf vanuit 'n *ruimte-gedrewe* oogpunt wat 'n plek sien as 'n hulpmiddel om veralgemeende doelwitte te bereik, soos werkskepping en 'n bedryfsbelegging. Vanuit die oogpunt van die plaaslike inwoners kan dieselfde plek 'n veilige hawe wees waarin hulle hul daaglikse bestaan in veiligheid en stabiliteit kan voer. Hulle sien dus die plek vanuit 'n *plek-gedrewe* oogpunt. Die ontwikkeling van 'n nuwe inkopiesentrum word in hierdie geval gesien as 'n bedreiging van hierdie plekbetekenisse en die nut wat die plek aan inwoners bied. In wese word die emosionele band wat die inwoners in hierdie voorbeeld met hulle omgewing het, bedreig deur die voorgestelde inkopiesentrum, wat konflik tot gevolg kan hê.

4. Plekgehegtheid

Die bogenoemde voorbeeld is vereenvoudig om te toon hoe die konsepte van *ruimte*, *plek* en *plekgehegtheid* binne die konteks van stadsbeplanning kan funksioneer. Gegewe die kontekstualisering van ruimte versus plek, kan die konsep *plekgehegtheid* nou meer breedvoerig bespreek word.

4.1 Definisie van plekgehegtheid

Van die eerste definisies wat toegeken is aan *plekgehegtheid*, was gebaseer op Tuan (1974:93) se konsep *topophilia*, of dan *topofilie* in Afrikaans. Topofilie is 'n mens se liefde vir 'n bepaalde plek. Dit is die ontasbare, emosionele band wat iemand met 'n sekere omgewing vorm. Intussen het navorsing getoon dat plekgehegtheid meer kompleks is as wat Tuan beskryf het. Ander navorsers stel voor dat plekgehegtheid nie net 'n staat is nie, maar ook 'n proses (Inalhan en Finch 2004:125; Kyle, Mowen en Tarrant 2004:439). 'n Meer omvattende definisie kan dus plekgehegtheid beskryf as sowel 'n *produk* of *staat* ('n emosionele band met 'n plek, gevorm deur die interaksie tussen spesifieke eienskappe van 'n

plek en die persoon wat daarmee interaksie het), as ’n *proses* wat die behavioristiese, kognitiewe en emosionele verknogtheid van individue se ervarings met hul sosiofisiese omgewings weerspieël.

4.2 Die tersaaklikheid van plekgehegtheid

Op hierdie punt kan die tersaaklikheid van plekgehegtheid miskien bevraagteken word en is dit nuttig om die volgende voorbeelde van Scannell en Gifford (2010:1) te verskaf wat die belangrikheid daarvan uitlig:

1. *Gedwonge teenoor gewillige verplasing*. Kennis van plekgehegtheid speel ’n belangrike rol om die gevoelens van rou en ontwrigting te kan verstaan van diegene wat gedwing word om te verhuis of verplaas word weens natuurlike of mensgemaakte rampe (kyk bv. Fried 1963; Brown en Perkins 1992; Fullilove 1996). Gewillige verhuising kan dieselfde gevoelens van rou en ontwrigting in ’n individu ontlok as in die geval van ’n meer ekstreme verplasing, soos emigrasie (bv. Gustafson 2001a; Gufstafson 2001b; Giuliani, Ferrara en Barbotti 2003). In historiese Suid-Afrika, onder die apartheidsregering, val die verskuiwing van gemeenskappe – soos dié van Distrik 6 (Kaapstad) en Sophiatown (Johannesburg) – binne die afdeling van gedwonge verplasing (bv. Roos, Kolobe en Keating 2014). Toekomstige navorsing oor hierdie onderwerp kan fokus op die gewillige/gedwonge verplasing wat in Suid-Afrika veroorsaak word deur die postapartheid regering se grondhervormingsbeleid.

2. *Bestuur van openbare plekke*. Wanneer die bestuursliggame van openbare plekke soos parke verstaan hoe verbruikers interaksie met die plekke het, kan hierdie plekke dusdanig beter bestuur word volgens die verbruikers se behoeftes (bv. Williams en Stewart 1998; Moore en Graefe 1994; Kyle, Graefe, Manning en Bacon 2004; Brown en Donovan 2014).

3. *Plekgehegtheid aan negatiewe plekeienskappe*. Plekgehegtheid hoef nie altyd met positiewe eienskappe van die plek geassosieer te wees nie. Kennis oor plekgehegtheid is nuttig om te verstaan waarom individue vrywilliglik in ’n plek bly wat ’n negatiewe uitwerking op hulle veiligheid, lewenskwaliteit, ekonomiese toestand, of gesondheid het (bv. Brown, Perkins en Brown 2003; Billig 2006; Morris 2013). ’n Voorbeeld hiervan is diegene wat teruggekeer het na Tsjernobyl, Rusland, ná die kernkragsentraleramp, ten spyte van die gesondheidsgevaar wat die keuse vir hulle inhou (Morris 2013).

4. *Besware*. Laastens kan kennis rondom plekgehegtheid lig werp op van die redes waarom individue besware maak teen voorgestelde ontwikkelings, asook handelinge wat daarop gerig is om die betrokke plekke te beskerm, byvoorbeeld protesoptredes deur die gemeenskap by die betrokke terrein (bv. Nordenstam 1994; Vaske en Kobrin 2001; Vorkinn en Riese 2001; Stedman 2002; Uzzell, Pol en Badenas 2002; Kyle e.a. 2004).

4.3 Denkskole binne plekgehegtheidnavorsing

Plekgehegtheidnavorsing val hoofsaaklik onder drie denkskole, twee geïdentifiseer deur Lewicka (2011:208) en ’n derde deur my eie literatuurondersoek (Jordaan 2015). Hierdie uiteenlopende denkskole verklaar die groot verskeidenheid van uitgangspunte en benaderings oor die onderwerp.

Die eerste denkskool is die Instrumentele Denkskool, wat mens-plek-verhoudinge ondersoek deur middel van kwantitatiewenavorsingsbenaderings. Die volgende denkskool is gesetel binne kwalitatiewenavorsingsmetodes en heet die Simboliese Denkskool. Laastens vind mens die Geïntegreerde Denkskool, wat benader word vanuit ’n gemengde metodologie wat ’n mengeling van kwantitatiewe en kwalitatiewe metodes insluit.

4.3.1 Die Instrumentele Denkskool

Die Instrumentele Denkskool beskou plekgehegtheid as ’n instrument wat gebruik word om mens-plek-verhoudinge te verstaan om sodoende die bestuur van ’n plek te verbeter. Die basis van hierdie denkskool is gesetel binne die ruimtelike deel van die ruimte-versus-plek-debat en maak gereeld gebruik van terminologie en metodes wat verwant is aan ekonomiese beginsels (Brown en Perkins 1992:283).

Die onderliggende aanname is dat plek ’n kommoditeit of instrument is wat deur individue en groepe gebruik word om ’n funksionele behoefte te bevredig, byvoorbeeld ontspanning (Backlund en Williams 2003:321). Sou ’n plek nie meer in hierdie behoefte kan voorsien nie, kan die betrokke individu of groep besluit om die mens-plek-verhouding te ontbind en dan ’n ander plek met soortgelyke eienskappe te vind wat in dieselfde behoefte kan voorsien (Williams en Roggenbuck 1989:3). Hierdie benadering is histories sterk aangehang deur navorsers in die bosbou- en toerismedissiplines, asook navorsers in natuurlikehulpbronbestuur (bv. Schreyer en Roggenbuck 1981; Williams en Roggenbuck 1989; Williams, Patterson, Roggenbuck en Watson 1992; Beckley 2003).

Plekke met dieselfde fisiese eienskappe – soos natuurreservate, bergagtige gebiede, woude en riviere – word gesien as onderling vervangbaar en dus nie besonders nie (Kaltenborn 1997:176). Plekgehegtheid is gebaseer op die aktiwiteitsgeleenthede wat ’n plek bied. Hierdie tipe plekgehegtheid dra nie noodwendig by tot die wyse waarop ’n individu of groep identiteit vorm nie, maar definieer eerder die nut wat individue en groepe uit die spesifieke plek put. Die wyse waarop die mens-plek-verhouding binne hierdie denkskool gesien word, maak dit dus meer toeganklik vir die navorser om elemente van plekgehegtheid te kwantifiseer om sodoende toekomsprojeksies van, en bestuursbeleide vir, die plek te formuleer (Halpenny 2010:409). Dit is duidelik dat hierdie benadering aanloklik kan lyk vir die stadsbeplanningdissipline, veral gesien binne die beroep se voorliefde vir die formulering van ruimtelike beleide en langtermynontwikkelingsdoelwitte.

Plekgehegtheidnavorsing binne die Instrumentele Denkskool fokus op die bydrae van die fisiese eienskappe van ’n plek as ’n komponent van verbruikersnut, eerder as die sielkundige of simboliese waarde wat ’n plek vir groepe of individue het. Literatuur binne hierdie denkskool, alhoewel nuttig om die funksionele waarde van plekke te verklaar, is dus nie voldoende om die emosionele waarde van plekke binne stadsbeplanning te verklaar nie.

4.3.2 Die Simboliese Denkskool

Die Simboliese Denkskool handhaaf ’n holistiese, simboliese, emosionele en sielkundige benadering tot plekgehegtheid. Hierdie benadering is interpretief en konteksgebaseerd (Appleyard 1979:144; Brown en Raymond 2007:108) en vind graag aanhangers vanuit omgewingsielkunde en gemeenskapsielkunde, sosiologie en etnografie (Shumaker en Taylor 1983; St. John, Austin en Baba 1986; Altman en Low 1992; Greider en Garkovich 1994).

Die Simboliese Denkskool verskil van die Instrumentele Denkskool deurdat dit die emosionele en subjektiewe karakter van plekgehegtheid erken (Fischer, Stueve, Jones, Jackson, Gerson en Baldassare 1977:139; Davenport en Anderson 2005:626). Dit kan dus sieninge van beide Westerse en nie-Westerse kulture insluit (Greider en Garkovich 1994:10). Hierdie denkskool is gebaseer op die plek-gedeelte van die ruimte-versus-plek-debat. Die onderliggende aanname is dat die verhouding wat mense met hulle omgewing vorm, wesenlike emosionele waarde het en dat hierdie bande ’n integrale deel van hulle sielkundige gesondheid en identiteit vorm (Knez 2014:175).

Soos met die Instrumentele Denkskool, is die siening binne die Simboliese Denkskool dat mense bande vorm met hulle omgewing deur interaksie daarmee – asook interaksie met ander mense binne die plek – te hê (Kyle e.a. 2004:440; Brown en Raymond 2007:108). Plekbetekenisse hang af van die sosiopsigologiese en kultureel-ekonomiese konteks waarbinne ’n individu gesetel is (Greider en Garkovich 1994:1–2; Beckley 2003:116). Die betekenisse kan individueel of gedeel, geleer van ander mense, of onderhandeld wees (Greider en Garkovich 1994:5–6; Kaltenborn 1997:177). Plekbetekenisse kan verbaal uitgespreek word of sigbaar gemaak word as simbole van plekidentiteit (Kaltenborn 1997:176), byvoorbeeld goed-onderhoude tuine wat as simbole van plektrots funksioneer (Appleyard 1979:146). Alhoewel die simboliek van ’n plek baie keer ontasbaar bly, kan dit ook fisies sigbaar gemaak word.

Vanuit die Simboliese Denkskool se perspektief is dit moeiliker om die grense van plekgehegtheid te definieer, omdat ’n plek se simboliek nie net aan die fisiese eienskappe van ’n plek gekoppel is nie (ekologiese bande), maar ook aan die sosiale eienskappe en aktiwiteite wat binne daardie plek plaasvind (sosiale bande) (McCool en Martin 1994:3; Stedman 2002:565). Die definiëring van plekgehegtheid vanuit die Simboliese Denkskool is ook aansienlik moeiliker vir die ruimtelike dissiplines, aangesien plekgehegtheid nie net onmeetbaar is nie, maar ook gevarieerd kan wees (Brown en Perkins 1992:280; Greider en Garkovich 1994:1; Kyle e.a. 2004:213). Elke mens-plek-verhouding word gesien as uniek. Een plek kan dus nie bloot deur ’n ander plek vervang word nie. Enige wysiging aan ’n plek deur fisiese ontwikkeling het dus ’n groter implikasie as wanneer dieselfde plek vanuit die Instrumentele Denkskool ondersoek word (Brown en Perkins 1992:301).

Vanuit die Simboliese Denkskool kan plekgehegtheid nie gekwantifiseer word nie, maar kan dit slegs verstaan word as deel van die betrokke mens-plek-verhouding. Die meeste navorsers binne hierdie denkskool benader plekgehegtheidnavorsing vanuit ’n kwalitatiewe oogpunt (bv. Davenport en Anderson 2005).

’n Kwalitatiewenavorsingsmetode kan soms tydrowend wees en word nie noodwendig gebruik om te veralgemeen nie. Hierdie opsie word nie altyd as lewensvatbaar gesien vir stedelike beleidmakers en stadsbeplanners nie. Alhoewel die literatuur vanuit die Simboliese Denkskool belangrike gevolge inhou vir stadsbeplanning, is die realiteit dat stadsbeplanners daagliks met ’n fisiese stad werk en dat die aard van beplanningswerk sodanig is dat nietasbare stedelike elemente – soos plekgehegtheid – wel aan die fisiese omgewing gekoppel kan word. Hierdie artikel huldig dus die standpunt dat ’n meer geïntegreerde benadering, die Geïntegreerde Denkskool, moontlik ’n meer aanvaarbare benadering vir stadsbeplanning in die algemene praktyk is.

4.3.3 Die Geïntegreerde Denkskool

'n Chronologiese studie van literatuur oor plekgehegtheid skep die indruk dat meer onlangse navorsing oor die onderwerp geneig is om elemente van beide die Instrumentele en die Simboliese Denkskole te bevat (bv. Williams, Patterson, Roggenbuck en Watson 1992; Williams en Patterson 1996; Bricker en Kerstetter 2000; Warzecha, Lime en Thompson 2000; Inalhan en Finch 2004; Kyle, Mowen en Tarrant 2004).

Die ruimtelike dissiplines wat die meeste navorsing in terme van die Geïntegreerde Denkskool oplewer, is stedelike geografie en omgewingsielkunde. Veral studies wat gefokus is op stedelike-omgewingsgehalte (bv. Pacione 2003), soos die studie van biofilie, wat fokus op die impak wat stedelike plantegroei op die emosionele gemoedstoestand van 'n gemeenskap het (Stedman en Ingalls 2014) en die herstellende kwaliteite wat individue se gunstelingplekke op hulle gemoed het ("restorative qualities of favourite places") (bv. Korpela en Hartig 1996; Grahn en Stigsdotter 2003; Nordh, Alalouch en Hartig 2011; Korpela, Borodulin, Neuvonen, Paronen en Tyrväinen 2014) kan as deel van die Geïntegreerde Denkskool geklassifiseer word.

'n Gunstelingplek kan, in hierdie geval, gesien word as 'n plek wat 'n gevoel van bevrediging vir die verbruikers daarvan besorg, omdat die persoon 'n vorm van gehegtheid met die plek het (Korpela en Hartig 1996:221). Korpela en Hartig (1996) het breë hoofgroepe van gunstelingplekke geïdentifiseer en sluit onder andere 'n individu se tuiste en natuurlike omgewings (plekke met plantegroei, water en skilderagtige eienskappe) in. Onaangename plekke is gereeld in hulle navorsing beskryf as plekke met 'n groot volume verkeer en mense, asook geraas. Die sielkundige voordele wat gunstelingplekke aan individue verskaf, sluit in herstellende eienskappe soos ontspanning, kalmering, helderheid van denke, estetiese ervarings, 'n gevoel van beheer, vryheid van uitdrukking en ontsnapping van sosiale druk (Korpela en Hartig 1996:221).

Vanuit hierdie denkskool se perspektief is dit duidelik dat mense 'n band met 'n spesifieke plek vorm omdat dit in spesifieke sielkundige en fisiologiese behoeftes voorsien. Dit omsluit die sienings van die Instrumentele én Simboliese Denkskole in die sin dat plekke wel nutwaarde vir hulle verbruikers het, maar dat hierdie nutwaarde op 'n sielkundige, subjektiewe vlak funksioneer. Waar die Simboliese Denkskool nie werklik hierdie nutwaarde aan enige fisiese karaktereienskappe van 'n plek kan koppel nie, kan die Geïntegreerde Denkskool dit wel doen. Ryan (2005:37) het bevind dat plekgehegtheid – veral by plekke met 'n groot mate van natuurlike elemente, soos plantegroei – sterk gekoppel is aan die fisiese eienskappe van die plek, asook die individu se kennis van die plek. Soos met die Simboliese Denkskool, is gunstelingplekke uniek en kan hulle dus nie vervang word met ander plekke indien hulle vernietig of onomkeerbaar verander word deur fisiese ontwikkeling nie.

Met betrekking tot 'n navorsingsbenadering, neig navorsing vanuit die Geïntegreerde Denkskool om 'n gemengdenavorsingsmetode (met kwalitatiewe en kwantitatiewe elemente) te implementeer, alhoewel dit nie altyd die geval is nie (bv. Windsong 2014). Dit is studies wat, soos Pacione (2003:20) dit so elegant beskryf, beide die stad op die grond en die stad in die verbeelding ondersoek, want "[t]here is no mathematical model that can replace [...] hours of intense human observation [...] when you are looking for new, innovative solutions for our cities" (Colville-Andersen 2012).

'n Samevattende tabel wat die karaktereienskappe van die drie denkskole van plekgehegtheid vergelyk, word verskaf in tabel 1.

Tabel 1. Karaktereienskappe van die drie denkskole van plekgehegtheid

Aspek	Instrumentele Denkskool	Simboliese Denkskool	Geïntegreerde Denkskool
Situering in ruimte-versus-plek-debat	Fokus op ruimte.	Fokus op plek.	Fokus op plek.
Aard van plek	Plek is 'n kommoditeit.	Plek is 'n simbool.	Plek is 'n affektiewe, nuttige kommoditeit wat psigologiese implikasies het.
Uniekheid van plek	Plekke is onderling vervangbaar, mits dit dieselfde fisiese eienskappe het.	Plekke is uniek. Een plek kan nie deur 'n ander vervang word nie.	Plekke is uniek. Een plek kan nie deur 'n ander vervang word nie.
Eienskappe van plek	Die eienskappe van 'n plek word bepaal deur die fisiese afmetings en elemente wat daarbinne gesetel is.	Die eienskappe van 'n plek word bepaal deur die sosiale interaksies wat daarbinne plaasvind.	Die eienskappe van 'n plek word bepaal deur beide die fisiese eienskappe daarvan en die sosio-emosionele nut wat hierdie eienskappe aan die individu of groep bied.
Grense van 'n plek	Die grense van 'n plek is meetbaar en bepaalbaar.	Die grense van 'n plek is nie noodwendig bepaalbaar nie.	Die grense van 'n plek is bepaalbaar weens die fisiese eienskappe daarvan.
Plekwaarde	Die waarde van 'n plek hang af van die nut wat 'n plek aan 'n individu of groep bied	Die waarde van 'n plek word bepaal deur die wyse waarop dit bydra tot identiteit en emosionele stabiliteit.	Die waarde van 'n plek hang af van die psigologiese nut wat 'n plek aan 'n individu of groep bied.
Kwantifisering van plekgehegtheid	Die onderliggende elemente van plekgehegtheid kan gekwantifiseer en veralgemeen word en daar kan toekomsprojeksies van gemaak word.	Plekgehegtheid kan nie gekwantifiseer word nie; dit kan net verstaan word as deel van die betrokke mens-plek-verhouding. Dit word dus nie gebruik vir toekomsprojeksies nie, maar eerder vir verklaring van mens-plek-verhoudinge en -interaksies.	Sommige elemente van plekgehegtheid kan gemeet en gekwantifiseer word, maar die implikasies daarvan word beter deur kwalitatiewe metodes ondersoek.

Aspek	Instrumentele Denkskool	Simboliese Denkskool	Geïntegreerde Denkskool
Navorsings-benadering	Kwantitatief	Kwalitatief	Oorwegend gemengde benadering.

Bron: Aangepas vanuit Jordaan 2015

Die Geïntegreerde Denkskool se siening oor plekgehegtheid word goed opgesom deur Scannell en Gifford (2010) se driedelige plekgehegtheidraamwerk.

5. Die driedelige raamwerk van plekgehegtheid

Scannell en Gifford (2010) het drie dimensies geïdentifiseer as basis van plekgehegtheid, naamlik persoon, proses en ligging (figuur 2).



Figuur 2. Driedelige raamwerk van plekgehegtheid. (Bron: Scannell en Gifford 2010)

5.1 Die persoonsdimensie

In bestaande literatuur is die fokus meestal op die persoonsdimensie van plekgehegtheid, wat meestal geassosieer word met die Simboliese Denkskool van plekgehegtheid (Lewicka 2011:407; Jordaan 2015:42). Dit is nie ’n groot verbasing nie, aangesien sielkunde en sosiologie lank reeds die hoofdrywers van navorsing oor plekgehegtheid was. Die persoonsdimensie verwys na mens-plek-verhoudinge wat op individuele- en/of groepsvlak plaasvind (Scannell en Gifford 2010:2–3). Brown en Perkins (1992:281) verwys na navorsing van Fischer, Stueve, Jones, Jackson, Gerson en Baldassare (1977:139), wat aanvoer dat die skeiding tussen individuele en groepsvlak mens-plek-verhoudinge nie presies is nie, maar eerder gesien kan word as geposisioneer langs ’n kontinuum. Individuele en groepsplekgehegtheid kan dus oorvleuel (Scannell en Gifford 2010:2).

5.1.1 Individuele plekgehegtheid

’n Individu se gehegtheid aan ’n plek word hoofsaaklik deur persoonlike ervaring met ’n spesifieke plek gevorm of deur sekere ervaringe wat binne daardie plek plaasgevind het (Scannell en Gifford 2010:2). In die eersgenoemde geval vorm die band waarskynlik omdat die plek die ruimte is waarin die persoon se alledaagse lewe afspeel of wat die persoon gereeld besoek weens die fisiopsigologiese nut wat daardie plek aan die persoon bied. In die tweede geval kan ’n persoon ’n band met ’n plek hê omdat dit die ligging is waar die persoon ’n belangrike ervaring gehad of mylpaal bereik het. So ’n plek dien dan as ’n simboliese anker waaraan ’n persoon herinneringe en betekenisse heg.

Hierdie simboliese ankers verskaf ’n sin van kontinuïteit in ’n persoon se lewe (Twigger-Ross en Uzzell 1996:207, 217), iets wat belangrik is vir ’n persoon se sielkundige welstand. Verlies van kontinuïteit deur die onherroeplike wysiging of vernietiging van so ’n simboliese anker kan die individu, en selfs ’n gemeenskap, in ’n gevoel van verlies en hartseer dompel (Twigger-Ross en Uzzell 1996:208).

5.1.2 Gemeenskaplike of groepsplekgehegtheid

Gemeenskaplike of *groepsplekgehegtheid* verwys na die mens-plek-verhoudinge wat op gemeenskaplike vlak ervaar word. Dit sluit in ’n aanname dat die individue wat tot die betrokke groep hoort, hulself identifiseer as lede van die groep en dus die waardes wat die basis vorm van die groep vorm, aanhang.

Gemeenskaplike mens-plek-verhoudinge word meestal gebaseer op religieuse en/of kulturele praktyke (Scannell en Gifford 2010:2–3). Religieuse sentrums, soos Jerusalem en Mekka, of individuele plekke en geboue wat met religieuse praktyke geassosieer word (soos kerke en tempels) is die fisiese verskynsels waarbinne ’n individu of groep se religieuse waardes uitgedruk en beoefen word (Mazumdar en Mazumdar 2004). Mense wat hierdie plekke besoek, doen soms groot moeite om dit te doen, omdat dit ’n simbool is wat deel is van hulle identiteit. Selfs wanneer persone of groepe nooit so ’n plek besoek het nie, kan die plek ’n betekenis vir die betrokke individue of groepe hê en kan hulle ’n gevoel van gehegtheid met die plek ervaar (Pretty e.a. 2003:273).

Kulturele gebruike is ook ’n magtige verskynsel wat individue en groepe tot spesifieke plekke bind. In hierdie geval kan die mens-plek-verhoudinge verby die grense van ’n

individuele plek tot ’n hele streek strek. Die geografiese skaal van so ’n plekgehegtheidsverskynsel kan dus op mikroskaal, mesoskaal en makroskaal waargeneem word. Hierdie tipe mens-plek-verhoudinge kan besonder emosiebelaaid en polities van aard wees en kan maklik die speelbal raak van groepe se poging om hulle politieke mag te vestig (Stedman en Ingalls 2014).

Beckley (2003:121) is egter oortuig dat plekgehegtheid nie sterk in elke individu voorkom nie, aangesien mense vanuit verskillende aspekte van hulle lewe ’n sin van identiteit kan put. Iemand wat byvoorbeeld ’n identiteit het wat sterk gekoppel is aan sy of haar loopbaan, sal waarskynlik ’n mindere mate van plekgehegtheid beleef as individue wie se identiteit grootliks aan ’n plek gekoppel is.

5.2 Die prosesdimensie

Die prosesdimensie fokus grootliks op die wyse waarop individue en groepe bande met ’n plek vorm, asook die aard van die sielkundige interaksies wat in ’n plek plaasvind wat hierdie band versterk (Scannell en Gifford 2010:3). Hierdie dimensie blyk oorwegend gegrond in die Instrumentele Denkskool te wees, waar omgewingsielkunde, toerisme en omgewingsbestuur die veld oorheers (Jordaan 2015:42).

Die prosesdimensie word onderverdeel in drie temas, naamlik: gevoelswaarde, kognisie en gedrag.

5.2.1 Plekgehegtheid as gevoelswaarde

Plekgehegtheid as gevoelswaarde verwys na emosies wat aan mens-plek-verhoudinge gekoppel is (Scannell en Gifford 2010:3). Tuan (1974) en Relph (1976), beskryf mens-plek verhoudinge in emosionele terme en stel selfs voor dat plekgehegtheid ’n basiese menslike behoefte is wat tot menslike welstand bydra. Plekgehegtheid word nie net as ’n emosie gesien nie. Dit word ook as ’n persoonlike belegging gesien, gebaseer op tyd en energie wat gespandeer word om ’n omgewing aan te pas na die individu se smaak en behoeftes, asook op die vorming van sosiale bande binne die plek met ander mense daarbinne (Hummon 1990). Sodoende word emosies soos trots, geluk en liefde dikwels geassosieer met die gevoelswaarde van plekgehegtheid.

Die gevoelswaarde kom veral na vore wanneer hierdie bande onder druk verkeer, omdat plekgehegtheid geneig is om ’n onbewustelike rol in die alledaagse bestaan te speel (Brown en Perkins 1992:283). Plekgehegtheid dra by tot alledaagse lewensgehalte, omdat hierdie bande stabiliteit, sekuriteit, voorspelbaarheid en ’n sin van kontinuïteit verskaf. Dit ondersteun ’n gevoel van verknogtheid en dra by tot betekenis in die lewe (Bricker en Kerstetter 2000:234). Dit versterk ook onderlinge positiewe verhoudings tussen individue en hulle interaksies met ’n plek (Præsholm, Jensen, Hasler, Damgaard en Erichsen 2002:102). Ontwrigting van plekgehegtheid beteken ontwrigting van die waarde wat hierdie bande tot die alledaagse lewe toevoeg en kan die individu emosioneel oorweldig (Brown en Perkins 1992:280–5; Twigger-Ross en Uzzell 1996:207, 217).

Ontwrigting van mens-plek-verhoudinge kan willekeurig of onwillekeurig plaasvind. Willekeurige ontwrigting gebeur meestal wanneer ’n individu ’n keuse maak wat hom tydelik of permanent fisies verwyder van die plek waarmee ’n band gevorm is, soos in die geval van

’n student wat universiteit toe gaan, of ’n individu wat na ’n ander stad verhuis om sy loopbaan te bevorder (Brown en Perkins 1992:287). Oor die algemeen word willekeurige ontwrigting nie as ’n uiterste ontwrigting gesien nie, omdat die individu ’n keuse maak en dus tyd het om emosionele voorbereiding te tref ten opsigte van die verlies aan plekgehegtheid (Brown en Perkins 1992:288).

Onwillekeurige ontwrigting van plekgehegtheid het ’n groter emosionele impak, omdat dit onverwags en ongevraag is. Dit kan nie beheer word nie en kan dus die individu se alledaagse bestaan in chaos dompel (Brown en Perkins 1992:281). Onwillekeurige ontwrigting van plekgehegtheid gebeur wanneer mense noodgedwonge verplaas word weens natuurlike en mensgemaakte rampe (Brown en Perkins 1992:279; Stedman en Ingalls 2014). Scannell en Gifford (2010:3) verwys na Fried (1963) se navorsing wat dit stel dat ontwrigting van plekgehegtheid kan plaasvind wanneer sosiale of fisiese veranderings in ’n omgewing plaasvind. ’n Inbraak – wat ’n sosiale verandering in ’n omgewing verteenwoordig – word gesien as ’n gebeurtenis wat mens-plek-verhoudinge skaad (Brown en Perkins 1992:279). Fisiese wysiging van die omgewing deur grootskaalse ontwikkeling, soos die ontwikkeling van die Three Gorgesdam in China wat honderde dorpies verplaas het, stedelikehernuwingsprogramme, of eenvoudige grondgebruikwysigings in ’n buurt, kan almal plekgehegtheid onwillekeurig ontwrig of skade berokken.

Konflik weens ontwikkeling kan beter verstaan word deur plekgehegtheid te bestudeer en die moontlikheid te voorsien dat ’n nuwe ontwikkeling hierdie bande kan ontwrig. Dit kan ’n beter begrip skep vir besware teen ontwikkeling in gevalle van NIMBYïsme ("not in my backyard"-gedrag), wat soms op duur, uitgerekte onderhandelingsprosesse tussen ’n gemeenskap en die munisipaliteit/ontwikkelaar uitloop. Deur die mens-plek-verhoudinge te bestudeer vóórdat die ontwikkelingsproses amptelik begin (’n tydperk waartydens gewoonlik ook lewensvatbaarheidstudies en impakstudies plaasvind), kan die beswaarmakingsperiode moontlik vergemaklik word en sodanig die beplanningsproses versnel. Dit kan minder finansiële en tydsuitgawes vir beide die gemeenskap en die ontwikkelaar beteken (Greider en Garkovich 1994:14; Payton, Fulton en Anderson 2005:511; Devine-Wright 2005, 2009, 2011).

5.2.2 Plekgehegtheid as kognisie

Plekgehegtheid as kognisie verwys na mens-plek-verhoudinge wat gebou is op kognitiewe konstrukte soos herinneringe, geloof, oortuigings, betekenisse, voorkeure en kennis van spesifieke plekke (Scannell en Gifford 2010:3). In hierdie geval verwys dit meestal na die handeling (of proses) om ’n band met ’n plek te vorm deur middel van kognitiewe konstrukte, wat dusdanige bande ’n integrale deel van die persone se identiteite maak (Scannell en Gifford 2010:3). Die vorming van hierdie tipe band rus sterk op kennis van die spesifieke plek. Hierdie kennis kan op meer as net feitelike kennis van die plek berus: dit kan herinneringe gekoppel aan die plek insluit, asook gemeenskaplike, kulturele betekenisse (Greider en Garkovich 1994:12). Hoe meer kennis ’n individu oor ’n plek het, hoe groter is die moontlikheid dat die plekgehegtheid sterker gaan wees (Beckley 2003:116).

"Physical settings and artefacts both reflect and shape people’s understandings of who they are as individuals and as members of groups," skryf Brown en Perkins (1992:280). Sodoende kan sommige individue die mensgemaakte omgewing gebruik om hulle identiteit fisies uit te druk en om hulself binne die bestaande sosiale magstrukture binne ’n plek te oriënteer (Goss

1988:399). Groepe kan hierdie aspek gebruik om hul bande met ’n plek te regverdig, gewoonlik deur kennis oor ’n plek vas te vang in wette, gebruike, legendes, stories, kuns, geskiedkundige vertellings, musiek en ander media. Hoe magtiger ’n groep, hoe groter is die kans dat hulle plekbetekenisse en plekbande tot uitdrukking kom. Dit kan lei tot konflik met ander, minder magtige, groepe met ander plekbetekenisse en plekbande (Greider en Garkovich 1994:18–9; Stedman, Beckley en Ambard 2004:583). ’n Voorbeeld van so ’n magspel in Suid-Afrika, histories en huidig, is die gemagtigde afsetting van individue van ’n perseel (of gebied) deur middel van wetgewing, soos die groepsgebiedwetgewing van vroeër en die teenswoordige grondhervormingswetgewing.

Plekgehegtheid as kognisie staan sentraal in hoe sommige mense hulle identiteit definieer:

> Changes to the land, through policies, laws, or even natural change, will affect [...] groups differently. Oftentimes, identity with a place is a core element in a person’s self-identity. Land use change or proposed land use change, therefore, often meets with heated, emotional resistance, at least from some segment of society. (Beckley 2003:120)

Kennis rondom die kognisies wat plekgehegtheid onderskraag, maak dit dus makliker om te verstaan hoekom sekere individue en groepe op sekere wyses in ’n spesifieke plek optree, asook hoe hierdie optredes moontlik weens geïnduseerde omgewingsverandering kan verander.

5.2.3 Plekgehegtheid as gedrag

Plekgehegtheid as gedrag verwys na die handelinge van individue en groepe soos gebonde aan ’n spesifieke plek (Scannell en Gifford 2010:4). Studies oor hierdie onderwerp fokus meestal op individue en groepe se gedrag om te verseker dat hulle gereelde interaksie met ’n plek het (sogenaamde *proximity-maintaining behaviour*, of dan *nabyheidhandhawing* in Afrikaans), byvoorbeeld om na die ouerhuis terug te keer wanneer ’n persoon heimwee het, of om ’n pelgrimstog om religieuse redes te maak (Mazumdar en Mazumdar 2004). Hierdie handhawing van nabyheid kan ook na vore kom nadat ’n plek verandering ondergaan het, soos wanneer persone hulle huis herbou soos wat dit was voordat dit deur ’n natuurramp vernietig is (Scannell en Gifford 2010:4).

Nabyheidhandhawing kan ook in plekbeskermende handelinge omvorm word. Plekbeskermende handelinge is enige handelinge wat individue of groepe uitvoer om ’n plek teen veranderinge te beskerm juis omdat daardie plek ’n belangrike betekenis vir daardie individue of groepe het (Stedman 2002:567). Mense is meer geneig om te veg vir die voortbestaan van betekenisvolle plekke as vir plekke wat geen betekenis tot hulle lewe toevoeg nie. Hoe sterker die plekgehegtheid, hoe gewilliger is mense om plekbeskermende handelinge uit te voer (Stedman 2002:567).

In die stadsbeplanningskonteks is plekbeskermende handeling ’n goeie vertrekpunt om te verstaan hoekom mense ontwikkeling teenstaan – soos in die geval van NIMBYïsme (Devine-Wright 2009:426; 2011:336) – asook hoekom mense deelneem aan die openbaredeelname-prosesse wat as goue maatstaf vir die beroep voorgehou word (Backlund en Williams 2003:324). Vanuit ’n stadsbeplanningsoogpunt kan die openbaredeelname-proses vergemaklik word deur plekbeskermende handelinge van die publiek te verstaan, te

erken en sodoende ’n vertrouensband met die gemeenskap op te bou, eerder as om hulle persepsies van die voorgestelde ontwikkeling as vermorsing van tyd te sien (Payton, Fulton en Anderson 2005:511).

5.3 Die liggingsdimensie van plekgehegtheid

Liggingsdimensie verwys na die fisies-geografiese én sosiale aspekte van ’n plek (Scannell en Gifford 2010:4). Kortertermyn-mens-plek-verhoudinge blyk eerder op die fisies-geografiese eienskappe van ’n plek gebaseer te wees, terwyl langertermynverhoudinge meestal gebaseer is op die sosiale verhoudinge wat met daardie plek geassosieer word (McCool en Martin 1994:34).

5.3.1 Die fisies-geografiese eienskappe van plek

Die fisies-geografiese aspek van die liggingsdimensie is gekoppel aan die fisiese eienskappe en die geografiese ligging van die plek waarbinne die mens-plek-verhouding funksioneer. Hier is dit belangrik om die leser daarop te wys dat hierdie stelling nie na omgewingsdeterminisme verwys nie. Dit is eerder ’n geval waar die fisiese eienskappe van ’n plek ’n beperking kan plaas op die simboliek wat met die plek geassosieer kan word. Die fisiese eienskappe van die plek kan dus bydra tot die plekbetekenisse wat daarmee geassosieer word (Scannell en Gifford 2010:5).

In landelike of natuurlike omgewings word die landskap of ekologiese eienskappe, soos berge, woude, bosse, vleilande en riviere, gesien as fisiese verskynsels wat die plekbetekenisse vir individue of groepe simboliseer. “Mining the mountain, cutting the old growth, draining the wetland, or damming the river, strikes at the heart of some individuals’ or groups’ attachment to place” (Beckley 2003:109). Dieselfde stelling van Beckley (2009:109) kan ook toegepas word op ’n stedelike omgewing. Stedelike flora, argitektoniese eienskappe, ruimtelike konfigurasie van geboue binne die stad en die aktiwiteite wat binne hierdie plek plaasvind weens die fisiese eienskappe daarvan, kan tot plekgehegtheid bydra. Die vernietiging of wysiging van hierdie eienskappe en elemente kan meegaande mens-plek-verhoudinge skaad.

In stedelike omgewings kan plekgehegtheid op verskillende geografiese skale funksioneer, naamlik ’n mikroskaal (bv. ’n individu se tuiste), mesoskaal (’n individu se buurt) en/of makroskaal (die dorp of stad) (Brown en Perkins 1992:283; Scannell en Gifford 2010:4). Mense is geneig om eerder geheg te voel aan mikroskaalplekke en makroskaalplekke (Hidalgo en Hernández 2001; Beckley 2003:112). Lengte van verblyf en eienaarskap – alhoewel laasgenoemde nie noodwendig in alle gevalle nodig is nie (Brown, Perkins en Brown 2004:361) – is gewoonlik sterk voorspellers van plekgehegtheid (Tuan 1974:147; Brown en Perkins 1992), gewoonlik omdat dit persoonlike, emosionele belegging vir die individu op lang termyn beteken.

Binne mensgemaakte omgewings kan individue nie net betekenis vind in bestaande fisiese kenmerke van ’n plek nie; hulle kan ook die omgewing fisies omskep as uitdrukking van hulle identiteit en die simbole wat hulle met die plek assosieer (Greider en Garkovich 1994:1–2; Brown e.a. 2004:361). So kan geboue en ruimtes ’n fisiese uitdrukking van individue se plekidentiteit en -simbole word (Goss 1988:392). Dit lig die vraag van Greider en Garkovich (1994:17) uit: Wie se plekgehegtheid dra meer waarde?

5.3.2 Sosiale aspekte van plek

Die sosiale aspekte van die liggingsdimensie het te doen met die bande wat met plekke gevorm word via die sosiale verhoudinge (met familie, vriende en bure) binne ’n plek en die groepsidentiteit wat ’n plek aan die gebruikers daarvan bied. Sulke groepsidentiteite word soms gevorm rondom die leefstyl van ’n spesifieke groep, wat dan weer verband hou met, onder andere, die ekonomiese beperkings van die groep (Brown en Perkins 1992:284; Scannell en Gifford 2010:4–5). Persoonlike verhoudings binne ’n spesifieke plek, veral langtermynverhoudings, en toegang tot ruimtes om in te sosialiseer, soos restaurante en parke, blyk bydraende faktore tot plekgehegtheid te wees (Beckley 2003:117; Scannell en Gifford 2010:4).

Dit is veral sosiale bande binne ’n buurt (op mesoskaal) wat mense aanmoedig om as burgers binne hulle buurt en stad betrokke te raak (Lewicka 2005:392). Interessant genoeg toon navorsing dat mense minder geneig is om bande te vorm met plekke wat aan rasse- of etniese konflik gekenmerk word, in teenstelling met plekke wat deur hoë vlakke van demokrasie en vreedsaamheid gekenmerk word (Beggs, Hurlbert en Haines 1996).

6. Plekgehegtheid en stadsbeplanning

Die driedelige raamwerk van plekgehegtheid gee vir die leser ’n goeie oorsig oor hoe mens-plek-verhoudinge vorm en funksioneer. Die voorlaaste afdeling gee ’n bondige motivering waarom plekgehegtheid as belangrik beskou kan word binne die internasionale en nasionale stadsbeplanningskonteks.

Stedman en Ingalls (2014) is van die meer onlangse navorsers wat getoon het dat daar ’n onbetwisbare skakel tussen veranderinge in die stedelike omgewing en ’n gemeenskap se reaksie daarop (soos dit verband hou met plekgehegtheid) is. Beckley (2003) en Manzo en Perkins (2006) se navorsing toon die belangrikheid van plekgehegtheid binne die stadsbeplanningkonteks. Gedagtes, gevoelens en sienings oor ’n plek kan mense se gedrag teenoor ’n plek beïnvloed, wat natuurlik mense se geneigdheid om betrokke te raak by die openbaredeelname-proses in die beplanningsproses, raak. Deur te verstaan hoekom mense besware teen voorgestelde ontwikkelings maak – onafhanklik van die sogenaamde ekonomiese waarde wat dit tot ’n plek kan toevoeg – en daarna betrokke raak by die openbaredeelname-proses, blyk ’n navorsenswaardige onderwerp te wees (Manzo en Perkins 2006:338; Burley, Jenkins, Laska en Davis 2007:352). “More people are demanding recognition of their values [...] [P]lanners are frustrated with the inability of the rational, scientific policymaking process to account for or mediate intense, emotional expressions of value for natural resources” (Beckley 2003:118–9).

Beplanners en ontwikkelaars kan konflik gedurende die openbaredeelname-proses moontlik verminder deur meer begrip te hê vir die bestaande mens-plek-verhoudinge wat deur voorgestelde ontwikkelings geraak word. Die multidissiplinêre span verantwoordelik vir die uitvoer van die nuwe projek kan, deur middel van onderhandeling, aanpassings maak rondom die plaaslike inwoners se behoeftes (Manzo en Perkins 2006:338–9).

In Suid-Afrika is daar tans genoegsame ruimte om die sosioruimtelike dinamiek van stede vanuit ’n stadsbeplanningsoogpunt te bestudeer, veral ten opsigte van plekgehegtheid. Dit impliseer ’n behoefte om te verstaan hoe ruimtes in Suid-Afrikaanse stedelike gebiede gebruik word en om te bevraagteken of huidige ruimtelike beplanning korrek daarop reageer (Todes 2008:10).

Alhoewel stadsbeplanners moontlik kennis dra van integrale, emosionele mens-plek-verhoudinge, kan dit wees dat hulle eenvoudig iets soos die waardering van plekgehegtheid as ’n luukse beskou, iets addisioneel waaraan tyd en geld spandeer moet word en wat die meeste nie bereid is om te doen nie.

> For those seeking to foster participation, tapping into emotional bonds to place can help members of a community articulate and act upon place meaning. Even in communities with entrenched conflicts or negative responses to change, an understanding of place attachments and meanings can provide lessons about what mobilises people, and what feelings about place are at the root of their reaction, which can help move a community toward conflict resolution or even consensus. (Manzo en Perkins 2006:347)

Gesien binne die konteks van die multikulturele karakter van Suid-Afrika se dorpe en stede, kan navorsing oor plekgehegtheid positief bydra tot stadsbeplanners se kennis van plek, konflik rondom plek en hoe om plekbetekenisse en plekbande te gebruik om nuwe ontwikkeling kontekstueel te rig.

7. Terminologievoorstelle vir plekgehegtheidteorie

In die inleidende deel van die artikel is daarop gewys dat Engelstalige akademiese bronne se betekenis van plekgehegtheid verskil van die wyse waarop soortgelyke terme (*landskapverinniging, plekverbondenheid, plekgebondenheid*) in Afrikaans gebruik word. Hierdie artikel het egter ook gedeeltelik ten doel om die unieke betekenis van *plekgehegtheid* as Afrikaanstalige term binne stadsbeplanning te vestig deur voorstelle vir geskikte terminologie te opper.

Vir hierdie doeleinde word ad hoc-terminologie voorgestel, in plaas van ’n meer uitgebreide sistematiese terminologie. Ad hoc-terminologie word ook soms na verwys as vertalingsgeoriënteerde terminologie (Thelen 2015:349). Ad hoc-terminologie is terminologie wat vir ’n spesifieke doel of onderwerp geskep word, veral wanneer ’n term uit een taal in ’n ander taal vertaal word (Lacroix 2010:28). Terminologie in die geval van hierdie artikel verwys dus spesifiek na die woordeskat wat met ’n gespesialiseerde onderwerp gepaard gaan (Sager 1990:3).

Kernbegrippe en terme uit Engelse plekgehegtheidliteratuur word in tabel 2 gelys, tesame met gelykwaardige voorstelle vir Afrikaanse terme. ’n Definisie word ook van elke term verskaf.

Tabel 2. Voorgestelde terme vir plekgehegtheidbegrippe (in artikel bespreek)

Engelse terme	Afrikaanse terme	Definisie
Space	Ruimte	Ruimte is ’n geografiese entiteit met ’n neutrale of abstrakte betekenis en het fisiese dimensies wat gekwantifiseer kan word.
Place	Plek	Plek is ’n ruimte waaraan subjektiewe betekenisse geheg word.
Human-place relationship	Mens-plek-verhouding	Die verhouding, emosioneel en/of fisies, wat ’n persoon met ’n plek het.
Place attachment	Plekgehegtheid	Plekgehegtheid is die emosionele band wat ’n individu vorm met ’n plek of eienskappe van ’n plek. Dit is ook ’n proses wat die behavioristiese, kognitiewe en emosionele bande tussen individue en hul ervarings met hulle sosiofisiese omgewings weerspieël.
Topophilia	Topofilie	’n Individu se liefde vir ’n bepaalde plek.
Biophilia	Biofilie	Die positiewe band wat ’n individu of groep voel met ’n stedelike gebied weens die impak wat stedelike plantegroei op die emosionele gemoedstoestand van die individu of gemeenskap het.
Place meaning	Plekbetekenis	Die spesifieke betekenis of simboliek wat ’n individu of groep aan ’n plek koppel.
Place identity	Plekidentiteit	’n Individu se definisie van self met verwysing na ’n spesifieke plek.
Place use/commodity value	Pleknutwaarde	Die emosionele of fisiese nut wat ’n individu of groep put uit interaksie met, of aktiwiteite binne, ’n spesifieke plek.
Favourite place	Gunstelingplek	’n Plek wat ’n gevoel van bevrediging aan die gebruiker daarvan besorg, omdat die persoon ’n vorm van gehegtheid met die plek het.
Restorative place properties	Herstellende plekeienskappe	Die sielkundige voordele wat gunstelingplekke aan individue verskaf, soos ontspanning, kalmering, helderheid van denke, estetiese ervarings, ’n gevoel van beheer, vryheid van uitdrukking en ontsnapping van sosiale druk.
Proximity-maintaining	Nabyheidhandhawing / Handhawing van nabyheid	’n Tipe gedrag van individue of groepe wat daarop gerig is om te verseker dat hulle gereelde interaksie met ’n plek het.
Emotional value of place	Plekgevoelswaarde	Emosies gekoppel aan mens-plek-verhoudinge
Place protective actions	Plekbeskermende handelinge	Enige handelinge wat individue of groepe uitvoer om ’n plek te beskerm teen veranderinge, juis omdat daardie plek ’n

Engelse terme	Afrikaanse terme	Definisie
		belangrike betekenis vir daardie individue of groepe het.
Instrumental Perspective	Instrumentele Denkskool	Die Instrumentele Denkskool beskou plekgehegtheid as ’n instrument wat gebruik word om mens-plekverhoudinge te verstaan om sodoende die bestuur van ’n plek te verbeter.
Symbolic Perspective	Simboliese Denkskool	Die Simboliese Denkskool handhaaf ’n holistiese, simboliese, emosionele en psigologiese benadering tot plekgehegtheid en is interpretief en konteksgebaseerd.
Integrated Perspective	Geïntegreerde Denkskool	Die Geïntegreerde Denkskool sien plek as ’n emosionele, nuttige kommoditeit wat sielkundige implikasies het vir mens-plek verhoudinge.
Tripartite place attachment framework/model	Driedelige plekgehegtheidraamwerk/-model	’n Teoretiese raamwerk ontwikkel deur Scannell en Gifford (2010) om die verskillende aspekte van plekgehegtheidteorie te orden.
Person dimension	Persoonsdimensie	’n Afdeling van die driedelige plekgehegtheidraamwerk wat fokus op mens-plek-verhoudinge wat op individuele en/of groepsvlak plaasvind.
Process dimension	Prosesdimensie	’n Afdeling van die driedelige plekgehegtheidraamwerk wat fokus op die wyse waarop individue en groepe bande met ’n plek vorm, asook die aard van die sielkundige interaksies wat in ’n plek plaasvind wat hierdie bande versterk.
Place dimension	Liggingsdimensie	’n Afdeling van die driedelige plekgehegtheidraamwerk wat fokus op die fisies-geografiese én sosiale aspekte van ’n plek.

8. Die pad vorentoe

Die doel van die artikel was om ’n literatuuroorsig van bestaande navorsing oor plekgehegtheid in die stadsbeplanningsdissipline te gee. Daaruit is Afrikaanstalige terminologie van enkele hoofterme, soos bespreek in die literatuurafdeling van die artikel, vir plekgehegtheidteorie, soos wat dit van toepassing is op die stadsbeplanningsdissipline, voorgestel.

Die voorgestelde terminologie is tans nie-alomvattend van alle terme wat gepaard gaan met plekgehegtheidteorie. Ek is bewus daarvan dat daar nog terme is wat verwant is aan plekgehegtheid (byvoorbeeld *plekverknogtheid*, “place dependence”, “place satisfaction” en

"rootedness") wat nie aangespreek is in die literatuurstudie nie. Sulke terme kan baat vind by 'n soortgelyke ondersoek en kan dieselfde verrykende funksie in Afrikaanse terminologie vir plekgehegtheidteorie tot gevolg hê.

Die voorgestelde terme is slegs die eerste stap in die ontwikkeling van 'n werkbare Afrikaanse terminologie vir plekgehegtheidteorie. Dit beteken dat die wysiging of verfyning van die Afrikaanse terme 'n onderwerp is vir verdere bespreking en navorsing. Die voorgestelde terme kan dus verfyn en uitgebrei word in toekomstige navorsing, veral vanuit 'n linguistiese oogpunt.

Bedanking

Ek wil graag die twee anonieme keurders bedank vir die insette en voorstelle wat hulle ter verbetering van hierdie artikel gemaak het.

Bibliografie

Altman, I. en S. Low (reds.). 1992. *Place attachment*. New York: Plenum Press.

Appleyard, D. 1979. The environment as a social symbol: within a theory of environmental action and perception. *Journal of the American Planning Association*, 45(2):143–53.

Backlund, E.A. en D.R. Williams. 2003. A quantitative synthesis of place attachment research: investigating past experience and place attachment. In Murdy (red.) 2003.

Beckley, T.M. 2003. The relative importance of sociocultural and ecological factors in attachment to place. In Kruger (red.) 2003.

Beggs, J.J., J.S. Hurlbert en V.A. Haines. 1996. Revisiting the rural-urban contrast: personal networks in nonmetropolitan and metropolitan settings. *Rural Sociology*, 61:306–25.

Betchel, R.B. en A. Churchman (reds.). 2002. *Handbook of environmental psychology*. New York: John Wiley & Sons, Inc.

Billig, M. 2006. Is my home my castle? Place attachment, risk perception, and religious faith. *Environment and Behavior*, 38:248–65.

Bricker, K.S. en D.L. Kerstetter. 2000. Level of specialization and place attachment: an exploratory study of whitewater recreationists. *Leisure Sciences*, 22(4):233–57.

Brown, B.B. en D.D. Perkins. 1992. Disruptions in place attachment. In Altman en Low (reds.) 1992.

Brown, B.B., D.D. Perkins en G. Brown. 2004. Incivilities, place attachment and crime: block and individual effects. *Journal of Environmental Psychology*, 24:359–71.

Brown, G. en S. Donovan. 2014. Measuring change in place values for environmental and natural resource planning using Public Participation GIS (PPGIS): results and challenges for longitudinal research. *Society & Natural Resources*, 27(1):36–54.

Brown, G. en C. Raymond. 2007. The relationship between place attachment and landscape values: toward mapping place attachment. *Applied Geography*, 27:89–111.

Burley, D., P. Jenkins, S. Laska en T. Davis. 2007. Place attachment and environmental change in coastal Louisiana. *Organization and Environment*, 20:347–66.

Carmona, M., T. Heath, T. Oc en S. Tiesdell. 2003. *Public places urban spaces: the dimensions of urban design*. Oxford: Architectural Press.

Casey, E. 1996. How to get from space to place in a fairly short stretch of time. In Feld en Basso (reds.) 1996.

Cole, D.N., S.F. McCool, W.T. Borrie en J. O'Loughlin (reds.). 2000. *Volume 4: Wilderness visitors, experiences, and visitor management*. Wilderness Science in a Time of Change-kongres, 23 tot 17 Mei 1999, Missoula, MT. Proceedings RMRS-P-15-VOL-4. Ogden, UT: U.S.

Colville-Andersen, M. 2012. Bicycle culture by design. *TedxZurich*. https://www.youtube.com/watch?v=pX8zZdLw7cs#t=281.438201 (1 Februarie 2017 geraadpleeg).

Cresswell, T. 2002. Theorizing place. In Verstraete en Cresswell (reds.) 2002.

Davenport, M.A. en D.H. Anderson. 2005. Getting from sense of place to place-based management: an interpretive investigation of place meanings and perceptions of landscape change. *Society & Natural Resources*, 18:625–41.

Devine-Wright, P. 2005. Beyond NIMBYism: towards an integrated framework for understanding public perceptions of wind energy. *Wind Energy*, 8:125–39.

—. 2009. Rethinking NIMBYism: the role of place attachment and place identity in explaining place-protective action. *Journal of Community en Applied Social Psychology*, 19:426–41.

—. 2011. Place attachment and public acceptance of renewable energy: a tidal energy case study. *Journal of Environmental Psychology*, 31(4):336–43.

Downs, R.M. en D. Stea. 1977. *Maps in minds: reflections on cognitive mapping*. New York: Harper & Row Publishers.

Duhl, L.J. (red.). 1963. *The urban condition*. New York: Basic Books.

Feld, S. en K. Basso (reds.). 1996. *Senses of place*. Sante Fe: School of American Research.

Fischer, C.S., C.S. Stueve, L.M. Jones, R.M. Jackson, K. Gerson en M. Baldassare. 1977. *Networks and places*. *Social relations in the urban setting*. New York: The Free Press.

Fried, M. 1963. Grieving for a lost home. In Duhl (red.) 1963.

Fullilove, M.T. 1996. Psychiatric implications of displacement: contributions from the psychology of place. *American Journal of Psychiatry*, 153:1516–23.

Giuliani, M., F. Ferrara en S. Barbotti. 2003. *One attachment or more?*. Ashland, OH: Hogrefe & Huber.

Goss, J. 1988. The built environment and social theory: towards an architectural geography. *Professional Geographer*, 40(4):392–403.

Grahn, P. en U.A. Stigsdotter. 2003. Landscape planning and stress. *Urban Forestry and Urban Greening*, 2:1–18.

Greider, T. en L. Garkovich. 1994. Landscapes: the social construction of nature and the environment. *Rural Sociology*, 59(1):1–24.

Greyling, F. 2014. Sin van plek en bioregionalisme: gelaagdheid in ’n kunstenaarsboekinstallasie van Stanley Grootboom. *South African Journal of Art History*, 29(4):112–31.

—. 2015. Sin van plek, ingeplaastheid en bioregionaliteit in ’n kunstenaarsboek-installasie, *Mooirivier: weerspieëling en weerklank. LitNet Akademies*, 12(3):308–57. http://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2015/12/LitNet_Akademies_12-3_FranciGreyling_308-357.pdf.

Gustafson, P. 2001a. Meanings of place: Everyday experience and theoretical conceptualisations. *Journal of Environmental Psychology*, 21:5–16.

—. 2001b. Roots and routes: exploring the relationship between place attachment and mobility. *Environment and Behavior*, 33:667–87.

Halpenny, E.A. 2010. Pro-environmental behaviours and park visitors: the effect of place attachment. *Journal of Environmental Psychology*, 30:409–21.

Hidalgo, M.C. en B. Hernández. 2001. Place attachment: conceptual and empirical questions. *Journal of Environmental Psychology*, 21:273–81.

Hummon, D. 1990. *Common places: community ideology and identity in American culture*. New York: State University of New York Press.

Inalhan, G. en E. Finch. 2004. Place attachment and sense of belonging. *Facilities*, 22(5/6):120–8.

Jordaan, T. 2015. Planning the intangible: Place attachment and public participation in South African town planning. Ongepubliseerde doktorale proefskrif, Noordwes-Universiteit.

Kaltenborn, B.P. 1997. Nature of place attachment: a study among recreation homeowners in Southern Norway. *Leisure Sciences*, 19(3):175–89.

Knez, I. 2014. Place and the self: an autobiographical memory synthesis. *Philosophical Psychology*, 27(2):164–92.

Korpela, K., K. Borodulin, M. Neuvonen, O. Paronen en L. Tyrväinen. 2014. Analyzing the mediators between nature-based outdoor recreation and emotional well-being. *Journal of Environmental Psychology*, 37:1–7.

Korpela, K. en T. Hartig. 1996. Restorative qualities of favorite places. *Journal of Environmental Psychology*, 16:221–33.

Kriel, I.J. 1999. Eiendomsportefeuljeveredeling by institusionele eiendomsbeleggers in nie-residensiële eiendomme in Suid-Afrika. Ongepubliseerde magisterverhandeling, Universiteit van Johannesburg.

Kruger, L.E. (red.). 2003. *Understanding community-forest relations*. Gen. Tech. Rep. PNW-GTR-566. Portland, OR: U.S. Department of Agriculture, Forest Service, Pacific Northwest Research Station.

Kyle, G., A. Graefe, R. Manning en J. Bacon. 2004. Effects of place attachment on users' perceptions of social and environmental conditions in a natural setting. *Journal of Environmental Psychology*, 24:213–25.

Kyle, G.T., A.J. Mowen en M. Tarrant. 2004. Linking place preferences with place meaning: an examination of the relationship between place motivation and place attachment. *Journal of Environmental Psychology*, 24:439–54.

Lacroix, K. 2010. Translators and ad hoc terminology research in the 21st century. *Language Update*, 7(4):28.

Lewicka, M. 2011. Place attachment: how far have we come in the last 40 years? *Journal of Environmental Psychology*, 31:207–30.

Lime, D. en D. Fields (reds.). 1981. Some recent products of river recreation research (USDA Forest Service, Gen. Tech. Rep. NC-63). St. Paul, MN: North Central Forest Experiment Station.

Lynch, K. 1960. *Image of the city*. Cambridge, MA: The MIT Press.

Mabin, A. en D. Smit. 1997. Reconstructing South Africa's cities? The making of town planning 1900–2000. *Planning Perspectives*, 12(2):193–223.

Madanipour, A. 1996. *Design of urban space: an inquiry into a socio-spatial process.* Sussex: Wiley.

Manzo, L.C. en D.D. Perkins. 2006. Finding common ground: the importance of place attachment to community participation and planning. *Journal of Planning Literature*, 20(4):335–50.

Mazumdar, S. en S. Mazumdar. 2004. Religion and place attachment: a study of sacred places. *Journal of Environmental Psychology*, 24:385–97.

McCool, S.F. en S.R. Martin. 1994. Community attachment and attitudes toward tourism development. *Journal of Travel Research*, 32(3):2–34.

Meyer, S. 2014. Ingeplaaste skryf as vergestalting van ekosentriese ingesteldheid in Petra Müller se verhaalkuns. *Literator*, 35(2), Art. #1080. http://dx.doi.org/10.4102/lit.v35i2.1080 (2 Oktober 2017 geraadpleeg.)

Moore, R.L. en A.R. Graefe. 1994. Attachments to recreation settings: the case of rail-trail users. *Leisure Sciences*, 16:17–31.

Morris, H. 2013. Why stay in Chernobyl? Because it's home. *TED Talks*. http://www.ted.com/talks/holly_morris_why_stay_in_chernobyl_because_it_s_home (4 August 2014 geraadpleeg).

Murdy, J. (red.). 2003.Proceedings of the 2003 Northeastern Recreation Research Symposium. Gen. Tech. Rep. NE-317. Newton Square, PA: U.S. Department of Agriculture, Forest Service, Northeastern Research Station.

Nordenstam, B.J. 1994. When communities say NIMBY to their LULUS: factors influencing environmental and social impact perception. Referaat aangebied by die 14dejaarvergadering van die International Association for Impact Assessment. Quebec, Kanada.

Nordh, H., C. Alalouch en T. Hartig. 2011. Assessing restorative components of small urban parks using conjoint methodology. *Urban Forestry and Urban Greening*, 10:95–103.

Oberholzer, J. 1989. Staatsdorp Vereeniging – 'n Kliëntsisteem in maatskaplike werk. Ongepubliseerde magisterverhandeling, Universiteit van Johannesburg.

Pacione, M. 2003. Urban environmental quality and human wellbeing – a social geographical perspective. *Landscape and Urban Planning*, 65:19–30.

Payton, M.A., D.C. Fulton en D.H. Anderson. 2005. Influence of place attachment and trust on civic action: a study at Sherburne National Wildlife Refuge. *Society & Natural Resources*, 18(6):511–28.

Præsholm, S., F.S. Jensen, B. Hasler, C. Damgaard en E. Erichsen. 2002. Forests improve qualities and values of local areas in Denmark. *Urban Forestry and Urban Greening*, 1:97–106.

Pretty, G.H., H.M. Chipuer en P. Bramston. 2003. Sense of place amongst adolescents and adults in two rural Australian towns: the discriminating features of place attachment, sense of community and place dependence in relation to place identity. *Journal of Environmental Psychology*, 23:273–87.

Rapoport, A. 1977. *Human aspects of urban form: towards a man-environment approach to urban form and design*. Oxford: Pergamon Press.

Relph, E. 1976. *Place and placelessness*. Londen: Pion.

Roos, V. 2008. The Mmogo-Method™: Discovering symbolic community interactions. *Journal of Psychology in Africa*, 18(4):659-67.

Roos, V. (red.). 2016. *Understanding relational and group experiences through the Mmogo-method®*. http://www.springer.com/us/book/9783319312224 (12 Desember 2017 geraadpleeg.)

Roos, V., P.S. Kolobe en N. Keatig. 2014. (Re)creating community: experiences of older women forcibly relocated during apartheid. *Journal of Community and Applied Social Psychology*, 24:12–25.

Ryan, R.L. 2005. Exploring the effects of environmental experience on attachment to urban natural areas. *Environment and Behavior*, 37(1):3–42.

Sager, J. 1990. *A practical course in terminology processing*. Amsterdam, Philadelphia: Benjamins.

Sancar, F.H. 2003. City, music and place attachment: beloved Istanbul. *Journal of Urban Design*, 8(3):269–91.

Scannell, L. en R. Gifford. 2010. Defining place attachment: a tripartite organizing framework. *Journal of Environmental Psychology*, 30:1–10.

Schreyer, R. en J.W. Roggenbuck. 1981. *Visitor images of national parks: the influence of social definitions of places on perceptions and behavior*. In Lime en Fields (reds.) 1981.

Seamon, D. en R. Mugerauer (reds.). 2000. *Dwelling, place and environment: towards a phenomenology of person and world*. Malabar, Florida: Kreiger Publishing Company.

Shumaker, S.A. en R.B. Taylor. 1983. Toward a clarification of people-place relationships: a model of attachment to place. *Environmental Psychology: Directions and perspectives*, 2:19–25.

Smith, S. 2016. "Landskapverinniging" as sentrale motief in die gedig "tesis in gestapelde sillabeversteuring oor ingebedheid" in die bundel *Mede-wete* (2014) van Antjie Krog. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 56(4-2):1213–26.

Stedman, R., T. Beckley en M. Ambard. 2004. A picture and 1 000 words: using resident-employed photography to understand attachment to high amenity places. *Journal of Leisure Research*, 36(4):580–606.

Stedman, R.C. 2002. Toward a social psychology of place: predicting behavior from place-based cognitions, attitude, and identity. *Environment and Behaviour*, 34:561–81.

Stedman, R.C. en M. Ingalls. 2014. Topophilia, biophilia and greening in the red zone. In Tidball en Krasny (reds.) 2014.

St. John, C., D.M. Austin en Y. Baba. 1986. The question of community attachment revisited. *Sociological Spectrum*, 6:411–31.

Thelen, M. 2015. The interaction between terminology and translation or where terminology and translation meet. *trans-kom*, 8(2):347–81.

Tidball, K.G. en M.E. Krasny (reds.). 2014. *Greening in the red zone: vulnerability, resilience, and urgent biophilia*. Dordrecht, Nederland: Springer.

Todes, A. 2008. Rethinking spatial planning. *Town and Regional Planning*, 53:9–13.

Tuan, Y. 1974. *Topophilia*. Englewood Cliffs, NJ: Prentice-Hall.

—. 1977. *Space and place: the perspectives of experience*. Minneapolis: University of Minnesota Press.

Twigger-Ross, C.L. en D.L. Uzzell. 1996. Place and identity processes. *Journal of Environmental Psychology*, 16:205–20.

Ujang, N. 2014. Place meaning and significance of the traditional shopping district in the city centre of Kuala Lumpur, Malaysia. *International Journal of Architectural Research*, 8(1):66–77.

Uzzell, D., E. Pol en D. Badenas. 2002. Place identification, social cohesion, and environmental sustainability. *Environment and Behavior*, 34:26–53.

Van Staden, J.A. 1993. Die aard, omvang en die dinamiek van die finansieel-monetêre markte waarbinne die Suid-Afrikaanse institusionele belegger moet opereer. Ongepubliseerde magisterverhandeling, Universiteit van Johannesburg.

Vaske, J.J. en K.C. Kobrin. 2001. Place attachment and environmentally responsible behavior. *Journal of Environmental Education*, 32(4):16–21.

Verstraete, G. en T. Cresswell (reds.). 2002. *Mobilizing place, place mobility: the politics of representation in a globalized world*. New York: Rodopi.

Violich, F. 2000. Towards revealing the sense of place: an intuitive “reading” of four Dalmation towns. In Seamon en Mugerauer (reds.) 2000.

Vorkinn, M. en H. Riese. 2001. Environmental concern in a local context: the significance of place attachment. *Environment and Behavior*, 33:249–63.

Warzecha, C.A., D.W. Lime en J.L. Thompson. 2000. Visitors' relationship to the resource: comparing place attachment in wildland and developed settings. In Cole e.a. (reds.) 2000.

Williams, D.R. en M.E. Patterson. 1996. Environmental meaning and ecosystem management: perspectives from environmental psychology and human geography. *Society and Natural Resources*, 9:507-521.

Williams, D.R., M.E. Patterson, J.W. Roggenbuck en A.E. Watson. 1992. Beyond the commodity metaphor: examining emotional and symbolic attachment to place. *Leisure Sciences*, 14:29–46.

Williams, D.R. en J.W. Roggenbuck. 1989. Measuring place attachment: some preliminary results. Referaat gelewer by die Outdoor Planning and Management NRPA Symposium on Leisure Research, 20–22 Oktober, San Antonio, Texas.

Williams, D.R. en S.I. Stewart. 1998. Sense of place: an elusive concept that is finding a home in ecosystem management. *Journal of Forestry*, 96(5):830–40.

Williams, D.R. en J.J. Vaske. 2003. The measurement of place attachment: validity and generalisability of a psychometric approach. *Forest Science*, 49(6):830–40.

Windsong, E.A. 2014. Insights from a qualitative study of rural communes: physical and social dimensions of place. *Society & Natural Resources*, 27(1):107–16.

Eindnota

[1] Dit geld veral vir lande wat hulle beplanningsberoepslui gekoppel het aan die twee toonaangewende Westerse lande van daardie tyd, die VSA en Groot-Brittanje. Die basis van die moderne Suid-Afrikaanse beplanningsberoep was merendeels gevestig deur die kolonisering van die land deur Groot-Brittanje. In die jare wat gevolg het, het stadsbeplanningswetgewing en -tendense van beide die VSA en Groot-Brittanje die ontwikkeling van die beroep binne Suid-Afrika gerig (Mabin en Smith 1997).